

Toe die dag van die Pinksterfees aanbreek, was hulle almal op een plek bymekaar. ²Skielik was daar 'n geluid uit die hemel soos van 'n geweldige stormwind, en dit het die hele vertrek gevul waar hulle gesit het. ³Hulle het iets soos vuur gesien wat in tonge verdeel en op elkeen van hulle gekom het. ⁴Almal is met die Heilige Gees vervul en hulle het in ander tale begin praat soos die Heilige Gees dit aan hulle gegee het om onder sy leiding te doen. ⁵Daar het godsdienstige Jode uit al die nasies onder die son in Jerusalem gewoon. ⁶Toe die mense die geluid hoor, het 'n groot skare saamgedrom. En omdat elkeen gehoor het hoe daar in sy eie taal gepraat word, het hulle nie geweet hoe hulle dit het nie. ⁷Verras en verbaas sê hulle toe: "Die mense wat daar praat, is tog almal Galileërs. ⁸Hoe hoor elkeen van ons dan sy eie moedertaal? ⁹Perse, Mediërs en Elamiërs, sowel as die inwoners van Mesopotamië, Judea en Kappadosië, Pontus en die provinsie Asië, ¹⁰Frigië en Pamfilië, Egipte en die dele van Libië om Sirene, mense uit Rome, ¹¹Jode sowel as heidene wat die Joodse geloof aangeneem het, Kretensers en Arabiere—ons hoor hulle in ons eie tale praat oor die groot dinge wat God gedoen het." ¹²Hulle was almal verbaas en uit die veld geslaan. Party het vir mekaar gevra: "Wat kan dit tog beteken?" ¹³Maar party het gespot en gesê: "Hulle is dronk." ¹⁴Toe staan Petrus saam met die elf ander apostels op en onder leiding van die Heilige Gees spreek hy die mense toe: "Jode en julle almal wat in Jerusalem woon, ek moet vir julle verduidelik wat gebeur het. Luister na wat ek gaan sê: ¹⁵Hierdie mense is nie dronk soos julle dink nie, want dit is nog maar nege-uur in die môre. ¹⁶Nee, hier gebeur wat God deur die profeet Joël gesê het: ¹⁷Só sal dit in die laaste dae wees, sê God: Ek sal my Gees uitstort op alle mense: julle seuns en julle dogters sal as profete optree; julle jongmense sal gesigte sien; julle oumense sal drome droom. ¹⁸Ja, op my dienaars en my diensvroue sal Ek in daardie dae my Gees uitstort, en hulle sal as profete optree. ¹⁹Ek sal tekens bo in die lug en wonders onder op die aarde gee: bloed en vuur en rookwolke. ²⁰Die son sal pikdonker word en die maan bloedrooi voordat die groot en glorieryke dag van die Here kom. ²¹So sal dit dan wees: elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word.

Die bekende gedeelte beskryf die gebeure op Pinksterdag toe die Heilige Gees uitgestort is. Pinksterdag was 'n belangrike Joodse feesdag waartydens die Israeliete die eerste opbrengs van hul oes aan die Here gewy het. Dit was een van drie pelgrimsfeeste (Grootversoendag, Paasfees en Pinkster) waartydens alle Jode na Jerusalem gereis het. Dis interessant dat al die groot gebeure rondom Jesus se lewe plaasgevind het wanneer die Jode vir een of ander rede saamgetrek het (Geboorte – sensus, kruisiging en opstanding – Pasga; uitstorting van die Gees – Pinkster). God het dus handel wanneer die volk in 'n posisie was om getuies van die gebeure te wees.

- Pinkster het altyd plaasgevind op die vyftigste dag na die eerste Sondag wat direk op die Joodse Pasga gevolg het (vgl. Lev 23:15–16). Daar is latere tradisies wat Pinkster gesien het as die dag wat Moses die wet ontvang het.

- Wat het op die Pinkster volgens Lukas gebeur? Die Gees het gekom. Die koms van die Gees was **sigbaar** en **hoorbaar**. 'n Geluid soos die van 'n stormwind wat waai het die vertrek gevul waarin die 120 gelowiges byeen was (1:15, 2:1-2). Iets soos tonge vuur het ook op elkeen van hulle gekom. Beide elemente word dikwels in die Bybel met die verskyning van God in verband gebring (sien Eks 3:2; 13:21; 19:18; 1 Kon 19:11; Jes. 66:15; Joh 3:8; 20:22). Pinksterdag se wind en vuur was dus die sigbare tekens dat God van nou af op 'n nuwe manier by sy kerk aanwesig was. Vroeër het God se Gees net oor sekere mense gekom, soos die profete en konings van Israel, maar met Pinksterdag het dit alles verander. Die Gees is oor almal uitgestort.

- **Die effek van die koms van die Gees was onmiddellik hoorbaar.** Die gelowiges het begin om God se Naam te verheerlik in ander tale as hulle huistaal (vers 4). Hulle het die tale van die Joodse pelgrims en bekeerlinge uit vyftien ander wêreldstreke, gepraat (vers 5-11). Dis met ander woorde 'n ander tipe wonder as in 1 Korintiërs wat 'n *spraak en interpretasie* wonder was. Hierdie spraakwonder benodig nie interpretasie nie. Let ook dat die vloek van Babel nie ongedaan gemaak word deur een taal nie, maar deur een boodskap nl. "Jesus is die Here!"

● **Die reaksie op die taalwonder was tweeledig:** Die Christene was verwonderd daaroor terwyl ander gedink het dat hulle gesuip was (vers 12–13). Dis dan dat Petrus sy toespraak lewer (vers 14–36). Hy lewer die eerste Christelike preek – d.w.s. 'n preek wat Jesus as die Christus verkondig in die geskiedenis (Jesus was 'n Joodse prediker). Hy begin om te verduidelik dat die gelowiges nie dronk was nie – dit was maar negeuur in die oggend (vers 14b–21). Die dag se gebeure was vir hom eerder die vervulling van die woorde van Joël (vers 16). Hy haal ook vir Joël 2:28–32 aan om dit vir die skare duidelik te maak dat die laaste dae aangebreek het omdat die Gees nou oor oud en jonk soos voorspel is, uitgestort is. Die werkwoord *ekcheo* dui op 'n stortreën. Die Gees kom dus nie saggies nie.

● Petrus verwys ook na **kosmiese tekens** wat finaal op die laaste dae sal dui (vers 19-20). Die uitstorting van die Heilige Gees is slegs die eerste teken van wat gaan kom met die einde van die wêreld. Pinkster is dus die begin van die einde. Bloed, vuur en rookdamp dui op brandstigting en oorloë (vers 19). Die son wat donker word en die maan wat bloedrooi word dui op die kosmiese veranderings wat gaan kom met die voleinding (vers 20). Baie van die beelde is deur Jesus gebruik om oor die voleinding te praat. Pinkster gaan egter vir Petrus eerder oor verlossing as oor oordeel. Van nou af sal elkeen wat die Here se naam aanroep gered word (vers 21).

● Daar is ook uitleggers wat daarop wys dat die apokaliptiese taal van Handeling nie soseer op die einde van die wêreld wys nie, as wat hulle die belangrikheid van gebeure in die geskiedenis wil beklemtoon. Die koms van die Gees sal soos die einde van die wêreld wees – d.w.s. onontkenbaar belangrik – maar dit is nie noodwendig die einde nie. Dit is immers algemeen om apokaliptiese taal vir hierdie wêreld gebeure te gebruik (om in die Wêreldbeker Krieket te verloor is vir baie "die einde van die wêreld").

Bronnelys

- ✦ Fitsmyer, J A *The Acts of the Apostles. A New Translation with Introduction and Commentary.* New York: Doubleday.
- ✦ Gaventa, B R 2003. *The Acts of the Apostles.* Nashville: Abingdon Press.
- ✦ González, J L 2001. *Acts. The Gospel of the Spirit.* Maryknoll, New York: Orbis Books
- ✦ Haenchen, E 1971. *The Acts of the Apostles. A Commentary.* Basil Blackwell.
- ✦ Herholdt, S J 1995. Vierde Sondag ná Pase: Handeling 5: 27-32. In: C W Burger, B A Müller en D J Smit *Verdere riglyne vir Paas en Pinksterprediking.* Lux Verbi.
- ✦ Jennings, W J 2017. *Acts. A Theological Commentary on the Bible,* Westminster John Knox Press.
- ✦ Welker, M 1994. *God the Spirit.* Fortress Press.